

Publication: Volksblad - Saturday (Sport)
Publication Date: 07 Jul 2018
Page: 23

AVE: 1720.29
Circulation: 14296
Part: 1 of 1

# Tuks baas in netbal, Kovsies wen tennis

Die Ussa-netbaltrofee het weer sy staanplek terug in die trofeekas van die Universiteit van Pretoria.

Tuks het gister in Bloemfontein hul soveelste studentekroon verower deur die Kovsies in die eindstryd met 48-30 te klop.

Die Maties het derde geëindig deur die Pukke met 54-35 af te stof.

Die Universiteit van Wes-Kaapland, wat Donderdag na die Superliga bevorder is, het vyfde klaargemaak.

Die Bellville-studente het die span van die Nelson Mandela-Universiteit met 53-49 geklop.

Jenny van Dyk, die Tuks-afrigter, het haar tweede toernooi in 'n paar weke gewen.

Die Noord-Gautengse Jaguars het verlede maand die nasionale Premierliga gewen.

■ Die Kovsies het die Ussa-tennistitel weer gewen deur Tuks in die eindstryd van 14 wedstryde met 8-1 gister in Bloemfontein te klop.

**– Annchen Nel**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.